

Vrydag 25

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 87**  
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 87:4 (NAV)**

**Rahab – Uit Sion herbore as een van dié wat vir God ken**

**R**ahab (onstuimig) was 'n mitologiese seemonster, een van die vyandige magte wat God teëgestaan het, soos die bese magte ook die skepping sou teëgestaan het. Dit is natuurlik nie waar nie – dit is antieke mites. Die Bybelskrywers verwys egter na Rahab, die mitologiese monster, om God se grootheid en almag te kontrasteer: God het Rahab verslaan asof dit niks is nie (Job 9:13; 26:12; Ps. 89:11; Jes. 51:9.)

In Goddelike ironie word na Egipte, daardie aartsvyand van Israel, verwys as Rahab, die magtige seemonster. God spot met Juda se hulpsoekery by Egipte (Jes. 30:7) en sê Egipte is niks, net maar 'n Rahab: Draak-niks-kan-doen is die naam wat Hy Egipte gee. Hier in Psalm 87:4 lees ons weer van Egipte by die naam Rahab, maar in 'n verrassende wending.

Sion en die Sionstad word besing. Dit is God se heilige berg, sy woonplek onder sy volk. Hy het Sion uitverkies bó alle stede en het Sion besonder lief. Psalm 87 sing dat groot dinge van die Sionstad gesê word. Dié groot dinge is anders as wat die mens sou verwag, nie bewaring in isolasie en onaantasbaar deur sy vyande nie. Inteendeel, Sion word die moeder van almal wat God ken, hulle is almal daar gebore. Die eerste wat genoem word, is Rahab – Egipte. Dan ook Babel, Filistea, Tirus en Kus. God het Sion só lief dat Hy haar instrument maak waardeur selfs uit die monster, Egipte, mense Hom sal ken in sy uitverkiesende liefde.

Jesus Christus is God wat na Sion toe gekom het en deur Wie God Homself geopenbaar het as die Heerser oor alle volke en die God wat syne uitverkies. Jesus het die roeping van Sion kom vervul. God woon nie meer in Sion se tempel nie, maar in sy volheid in Jesus en sy kerk (Kol. 2:9). Deur die skeur van die voorhangsel en die opstanding van Jesus bring die Heilige Gees God se eiendom uit alle volke, tale en nasies byeen. Selfs uit Rahab ontmoet mense vir God in Jesus Christus.

Groot dinge word vandag van die kerk gesê, die woonplek van Jesus Christus. Uit die mees onverwagte plekke word van die mense gereken wat vir God ken. As God hulle name aanteken, skryf Hy by elkeen: 'n kind van Sion.

Kerkwees is om oop te wees, selfs na Rahab en sy trawante, om as God se woonplek, geboorteplek te wees van dié wat God ken. Die wesensvraag is of ons dit insien en uitleef.

*Sing: Psalm 122:1, 2*

*Ds. Jan Malan (Burgersdorp)*